# CHANEL VENTER

## Profiel

Chanel Venter is 'n voltydse dosent in Strategiebestuur en die Bestuur van Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid by die Universiteit Stellenbosch. Sy is ook 'n voornemende PhD-kandidaat in Korporatiewe Volhoubaarheid. Chanel het 11 jaar se ervaring in klas gee en fasilitering op tersiêre vlak, en ses jaar se ervaring in konsultasiewerk. Sy weet wat die waarde is van die opbou en instandhouding van verhoudings op alle vlakke van 'n onderneming, ook met belangrike besluitnemers. Sy glo in noue samewerking tussen akademici en die sakewêreld. Dit sluit in gesamentlike navorsing om ondernemings te help om geleenthede in die mark te identifiseer en te benut, en geleenthede om kennis te deel. Chanel het 'n spesifieke belangstelling in metodologieë om prestasie te verbeter, en hoe dit waarde tot kliënte in verskillende bedryfsrigtings kan toevoeg.

## Opleiding

| Jaar | Graad | Studierigting | Akademiese instansie |
|---|---|---|---|
| 2021 | PhD (tans geregistreer) | Korporatiewe Volhoubaarheid | Universiteit Stellenbosch |
| 2006 | MPhil | Entrepreneurskap en Kleinsakebestuur | Universiteit van Pretoria |
| 2004 | Baccalaureus in Inligtingswetenskap (BIS) | Inligtings- en Kennisbestuur | Universiteit van Pretoria |

## Akademiese loopbaan

- **September 2010 – tans:** Voltydse dosent by die Departement Ondernemingsbestuur, Universiteit Stellenbosch. Modules gefasiliteer: Gevorderde Strategiebestuur (Honneurs), die Bestuur van Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid, Strategiebestuur, Entrepreneurskap en Innovasiebestuur, Bemarkingsbestuur, Ondernemingsbestuur, Hoe om sake te doen in Suid-Afrika (DBISA), SKEMA: die Bestuur van Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid
- **November 2005:** Die gesamentlike fasilitering van die ComSim-besigheidsimuleringswerkwinkel, Damelin College
- **September – Desember 2005**: Lektor, SITA (vir Tshwane Universiteit van Tegnologie, Polokwane)
- **2005:** Assistent-lektor, Deparetment Besigheidsbestuur en Entrepreneurskap, Universiteit van Pretoria
- **2002:** Assistent-lektor (MS Office), Universiteit van Pretoria

## Professionele loopbaan /ervaring

- Januarie 2009 – September 2010: Assistentbestuurder, Bestuurskonsultasie-adviesdiens: Afdeling Prestasieverbetering, PricewaterhouseCoopers, Kaapstad
- Augustus 2007 – Desember 2008: Junior besigheids- en prosesontleder: Billing Systems Groep, Vodacom, Kaapstad
- Oktober – Desember 2006: Konsultant: Openbare Verhoudings: Succeed Business Magazine, Johannesburg
- Januarie – September 2006: Forensiese ontleder: Besigheidsintelligensie, Afdeling Forensiese en Dispuutdienste, Ernst & Young, Johannesburg
- 2004: Deel van Kennisbestuurspan: Kumba Resources (tans Exxaro)
- 2000: Internskap – grafiese ontwerper en webontwikkeling: T-Systems

## Kontakbesonderhede

+27 (0)21 808 2690
+27 (0)21 808 2026 (Departementele sekretaresse)
chanelv@sun.ac.za

## Navorsing

*Navorsingsartikels in geakkrediteerde vaktydskrifte*

Linnenluecke, M.K., Verreynne, M.L., De Villiers-Scheepers, M.J. & Venter, C. 2017. A Review of Collaborative Planning Approaches For Transformative Change Towards A Sustainable Future. *Journal of Cleaner Production*, 142:3212-3224.

Berning, A. & Venter, C. 2015. Sustainable supply chain engagement in a retail environment. *Sustainability*, 7(5):6246-6263.
Votteler, R., Hough, J. & Venter, C. 2014. An analysis of the solar service provider industry in the Western Cape, South Africa. *Journal of Energy in Southern Africa*, 25(2):70-80.

Solomon, G., Viviers, S. & Venter, C. 2013. Entrepreneurial intentions and behaviours of South African university students. *Southern African Journal of Entrepreneurship and Small Business Management*, 6:1-20.

Viviers, S., Venter, C. & Solomon, G. 2012. South African university students' intentions to establish social enterprises. *Southern African Journal of Entrepreneurship and Small Business Management*, 5:34-52.

*Navorsingsartikels in eweknie-beoordeelde spesialis-vaktydskrifte*

Venter, C. & Pretorius, M. 2007. The use of Simulation in Transferring Business Management Skills to Learners: An empirical study. *Commercium Journal*, 7(1):83-97.

Venter, C. 2016. Small Businesses as a Force for Sustainable Development? New Perspectives from an Emerging Market. *Journal of Global Academic Institute Business & Economics* (JGAIBE), 2(3):31-40.

*Verslae*

Linnenluecke, M.K., Verreynne, M.L., De Villiers Scheepers, R., Gronum, S. & Venter, C. 2014. *Planning for a shared vision of a sustainable future*. Network for Business Sustainability in South Africa (NBS: South Africa). http://nbs.net/about/nbs-south-africa/

*Ervaring in die hantering van grootskaalse dataprojekte en date-oorsigte*

- **2011-2012: Global Entrepreneurship University Students Survey (GUESSS) in samewerking met die Universiteit van St. Galen, Switserland**: GUESSS het die bedoelings en gedrag van studente in 26 lande ondersoek wat entrepreneuriese ondernemings wou aanpak. Die Suid-Afrikaanse deel van die projek het die volgende ingesluit: 'n oorsig van literatuur oor entrepreneuriese intensies en opleiding, die insameling van primêre data van studente oor die hele land, die ontleding van die kwantitatiewe data deur die gebruik van toepaslike statistiese tegnieke, en aanbevelings aan belangegroepe in entrepreneurskapopleiding in die land. Die finale verslag is gestuur aan die 16 deelnemende hoëronderwysinstansies in Suid-Afrika, en het die toekenning vir die Beste Nasionale Verslag gewen. Die bevindinge is ook in akademiese publikasies en by konferensies bespreek.
- **2014-2015**: **Beplanning vir 'n gesamentlike visie vir 'n volhoubare toekoms – 'n stelselmatige oorsig. Network for Business Sustainability (NBS) South Africa**: Hierdie projek was 'n gesamentlike onderneming van die University of Queensland, University of the Sunshine Coast, en die Universiteit Stellenbosch. Die studie was gegrond op 'n globale oorsig van bykans 200 artikels en vaktydskrifbydraes wat van 1921 tot 2014 publiseer is. Die data is gebruik om sleuteltemas te identifiseer, en 'n holistiese beeld te verkry van hoe maatskappye strategiese beplanning benader het. 'n Model is geskep om te verduidelik hoe die verskillende beplanningsbenaderings met die onderliggende beskouings en organisatoriese konteks verband hou.